BESONDERHEDE VAN OUERS / VOOG (voltooi asb volledig veral in gevalle waar ouers se besonderhede / addresse verskil):

	VADER	MOEDER
NAAM EN VAN VAN OUER	_____	_____
POS ADRES (Indien verskil van kind)	_____	_____
	_____	_____
POSKODE	_____	_____
TELEFOON NR (W)	_____	_____
TELEFOON NR (H)	_____	_____
SELFFOON	_____	_____
BEROEP	_____	_____

MEDIES - HOOFLID

MEDIESE FONDS	_____	_____
LID NR	_____	_____

NAAM, ADRES & KONTAK NR VAN FAMILIELID / VRIEND

_____

_____

VRYWARINGSVORM EN TOESTEMMINGSBRIEF :

Ek/Ons, die ouers/voog van _____gee hiermee toestemming dat my kind die Skoolverwisselingskamp van 6 – 10 Oktober 2014 te Badseloop, totaal op eie risiko mag bywoon. Ek/ons gee ook toestemming dat my kind met die bus / alternatiewe vervoer soos gereël deur die RJK mag ry na die betrokke kamp en ons vrywaar die Ringsjeug-kommissie en / of kamppersoneel van enige aanspreeklikheid ten opsigte van beserings of ongelukke wat my kind mag opdoen en enige gevolge wat daaruit mag voortspruit gedurende die kamp.
Sover ek weet verkeer my kind in 'n goeie gesondheistoestand. Ek versoek die verantwoordelike persone egter om te let op:

_____

(noem enigiets waaraan u kind ly of aktiwiteite waaraan hy/sy nie mag deelneem nie)

Geteken te _____ op _____/_____2014

_____

HANDTEKENING VAN OUER / VOOG

SKOOLVERWISSELINGSKAMP

vir alle Graad Sewes

BADSELOOP

6 – 10 OKTOBER 2014

NAVRAE:

Dr Chris Harris	**015 491 5631**
	082 3351155
Kerkkantoor	**015 491 3537**
	Me Anita Hurn / Annemarie Smit
Faks	**015 491 3537 / 086 547 2382**
E-pos	**admin@ngpottiessuid.org.za**

Sonder 'n volledig voltooide kampvorm gaan jy nie op die kamp toegelaat word nie!!!
Maak seker dat die Kerkkantoor NG Hulp en Hoop Gemeenskapskerk jou vorm voor die kamp het!!!

Liewe Graad 7
Volgende jaar gaan jy

- Na 'n splinternuwe hoërskool
- Nuwe vakke neem
- Baie aanpassings moet maak
- Dalk na 'n koshuis
- Nuwe vriende maak
- Baie verandering in jou liggaam en gees ondergaan

Om jou te help bied die NG Kerk 'n kamp vir graad sewes van **alle kerke** aan, waar ons jou wil leer hoe om al hierdie veranderings te kan hanteer en om jou voor te berei vir die tienerlewe. Ons belowe dat jy die kamp regtig sal geniet en dat dit vir jou 'n heerlike belewenis sal wees wat jy nooit sal vergeet nie!

⏩ **WAT MOET JY SAAMBRING?**

- Jou Bybel
- Sakgeld vir die snoepie
- Muskietafweerder
- Toiletware bv. Tandeborsel, seep sjampoo
- Gemaklike tekkies en 'n hoed vir die son
- Gemaklike klere, onthou iets warm vir die aande
- Slaapsak / Beddegoed – daar is beddens
- Eetgerei – bord, koppie , lepel, mes en vurk, asook vadoek
- Pen of skryfding
- 'n Sitkussing
- Swemklere asook swemhanddoek
- Musiekinstrumente bv kitaar, pyporrel ens.
- Ou klere wat mag verniel
- 'n Sakkie beskuit om in te handig by die kombuis
- Handdoek

⏩ **WAT MAG JY NIE SAAMBRING NIE?**

- Radio's } Indien jy enige van hierdie items saamneem kamp toe, neem die
- Selfoon } RJK geen verantwoordelikheid daarvoor nie.

WAAR WORD DIE KAMP GEHOU?
⏩ Badseloop, ongeveer 13km suid van Naboomspruit (Mookgopong)
WANNEER?
⏩ Vanaf Maandag 6 – 10 Oktober 2014
HOE KOM JY DAAR?
⏩ **Daar word busvervoer gereël vanaf Potgietersrus.**
⏩ **Indien daar genoeg belangstelling is sal daar ook busvervoer gereël word vanaf Pietersburg.**

- Bus vertrek 9:00 Maandag Polokwane (NG Pietersburg-Noord Gemeente)
  INDIEN DAAR GENOEG BELANGSTELLING IS!
- Bus vertrek 10:00 Maandag Mokopane (NG Hulp en Hoop Gemeenskapskerk)
  SORG DAT JY BETYDS BY DIE BUS IS!!!!!!

⏩ **Vir die res, moet jou ouers jou op die kamp aflaai (jy moet net na 11:00 daar wees)**
VERVOER TERUG:
⏩ Ons busse sal jou DV weer aflaai op Vrydag 10 Oktober 2014 om

- 10:45 Mokopane (NG Hulp en Hoop Gemeenskapskerk)
- 12:00 Polokwane (NG Pietersburg-Noord gemeente)

⏩ Jou ouers kan jou weer vanaf 09:30 by die kamp oplaai
NOODGEVALLE:
Indien u kind enige aandag t.o.v. allergieë, 'n siektetoestand of behandeling moet kry, moet u asseblief 'n nota saam met die kind kamp toe stuur. Dit moet so gou as moontlik aan die kampleier oorhandig word. Die kampleier se noodnommer is 082 3351155. Let asb daarop dat selfoon opvangs baie swak is. Stuur gerus 'n sms indien u nie die kampleiers in die hande kry nie!
NAVRAE:
Jy is welkom om Oom Chris Harris (Kampleier) te skakel as jy nog enige inligting in verband met die kamp wil hê. Sy telefoonnommers is 015 491 5631 of 082 335 1155 (Kerkkantoor 015 491 3537)
WIE GAAN DIE LEIDING NEEM?
Bekende leraars van die NG Kerk wat goed opgelei is, jonk van hart is, en die graad sewe kind baie goed ken, tree op as geestelike leiers.
WAT GAAN ONS DAAR DOEN?
Jy gaan pragtige dinge leer, geniet, sing, saampraat, ernstig wees. Bybelstudie doen, vrolik wees, mal gaan by die boeresport, maats wees ….. en nog ander verrassende dinge doen.

WAT KOS DIT?
R600.00 per persoon kampgeld, asook busgeld van R120.00 vir die Polokwane en Mokopane bus.

As jy in die NG Kerk is, doen gerus by jou kerkraad navraag oor subsidie. Die NG Gemeentes in Mokopane subsidieer hulle kinders met 50% van die kampgeld.

"EALY BIRD TARIEF"
Vir inskrywings en betaling voor 12 September - R50 afslag

Vul die inskrywingsvorm in en besorg dit aan NG Hulp en Hoop Gemeenskapskerk **voor 26 September 2014 :**

- Pos: Postnet Suite #50, P/Sak X2449, Mokopane, 0600
- Faks : 015 491 3537 – vra vir fakslyn / 086 547 2382
- E-Pos : admin@ngpottiessuid.org.za

EK WIL GRAAG SAAM BUS RY VANAF (Merk asb duidelik)
☐ Pietersburg ☐ Potgietersrus
☐ Ek sal self daar kom

BETALING OPSIES:
(Merk asb duidelik wat van toepassing is)

⏩❑ Ingesluit my kampgeld van R _____
Plus busgeld R _____
TOTAAL R _____

⏩Subsidie van R_____ word deur _____betaal

⏩❑ Direkte inbetaling is gemaak in die volgende rekening:
Ringsjeugkommissie, Absa Bank, Tak nr 334348, Rekening nr 1210143978

Jou naam en van moet asb as verwysing op die inbetaling gemeld word, en die bewys moet asb gefaks, e-pos, slakkepos of per hand afgelewer word by NG Hulp en Hoop Gemeenskapskerk, voor die kamp, tensy ander reëlings met die kantoor getref is.

BESONDERHEDE VAN KIND (Voltooi asb volledig)

VAN _____ NOEMNAAM _____

HUISADRES _____

VOLLEDIGE POSADRES _____

_____ Poskode _____

TELEFOON HUIS _____ SELNOMMER _____

EK IS 'N SEUN / DOGTER GEBOORTEDATUM _____ /_____/_____

EK IS TANS IN LAERSKOOL _____

HOëRSKOOL 2015 _____

KERKVERBAND_____GEMEENTE _____

LERAAR _____